SA Wrestling Federation
Stoeifederasie

Administratiewe Raad

TELEFOON: 017-6322506
FAKS: 017-6324686
SELFOON: 0823437800
E-POS: sawrestl@mweb.co.za

POSBUS 364
EVANDER 2280
22 FEBRUARIE 2010

AAN: ALLE ADMIN RAADS LEDE.
ALLE STOEIVERENIGINGS SEKRETARISSE.

Mnr/Me,

I.S.: SA ADMIN KURSUS – 13 MAART 2010:

Daar gaan 'n tweede SA Admin Kursus op Saterdag 13 Maart 2010 aangebied word in die Noord-Gauteng Stoeisaal.
Kursusgeld beloop R50:00 en sluit nie die Admin Handleiding in nie.
Admin Handleidings sal beskikbaar wees teen R50-00 elk.
Daar sal geen verversings wees nie, aangesien die Kursus saam met die Limpopo Ope Kmp aangebied word en daar verversings te koop sal wees.
Daar word 'n vriendelike beroep op almal gedoen om asb kontant te betaal.

Name van kursus gangers moet gestuur word aan:

FESTA DE BEER: E-POS: festad@discovery.co.za
SEL: 0733977533
TEL: 0115291814 – W
FAKS: 0862167788

Stuur die name per e-pos asb.

Registrasie sal tussen 08H30 en 09H00 plaasvind en die Kursus begin om 09H00.

Exep. gegradeerde Admin Beamptes sal 'n sekere deel van die Admin Kursus aanbied vir hulle teorie punte. Hulle sal deur die kursusleier laat weet word watter deel hulle moet aanbied.

Exep. Admin beamptes moet steeds gedurende die jaar prakties doen en voldoen aan die praktiese optredes vereistes om te kan kwalifiseer om op te gradeer te word.

Al die ander Admin Beamptes moet die eksamen skryf.

Laat weet asb vir Festa voor of op Maandag 08 Maart 2010 die name van die persone van u Stoeivereniging wat die kursus gaan bywoon.
Die Stoeiverenigings betaal vir die aantal name wat deurgegee is op 08 Maart 2010.

NB: Onthou asb dat alle P-A en hoër gegradeerde Admin Beamptes wat tydens SA Kmp wil werk, alreeds die betrokke jaar 'n SA Admin Kursus moes bygewoon het.

Ons doen 'n ernstige beroep op alle persone verantwoordelik vir Admin sake in die Stoeiverenigings om asb al die bogenoemde inligting aan al die P-A en hoër gegradeerde Admin Beamptes deur te gee.

Alle geregistreerde Spanbestuurders; Beamptes en Afrigters is welkom om die SA Admin Kursus by te woon.

Enige persoon mag die Admin kursus bywoon solank die kursus gelde betaal word.

Indien daar enige onduidelikeid of navrae is, kontak my asb.

Baie Dankie.

Groete,

Lollie van den Berg.
Sekretaris – Adminraad 2010.